# JAKOBUS



## Inhoudsopgawe


Wees bly as jy ly ..... 4

Versoekings ..... 6

Hulp in lyding ..... 7

Glo én doen ..... 8

Die tong ..... 9

Jou doen wys jy is versoen ..... 10

**Wees bly as jy ly**

*Wat se raad het jy vir my*
*terwyl ek so swaar moet kry?*

My broer en suster, wees bly
as jy onder beproewings ly. (Jak 1:2)

*Wat is dit vir raad –*
*Jy weet seker nie waarvan jy praat!*

As jy die geloofstoets deurstaan,
lei dit tot ‘n ryper geestelike bestaan. (Jak 1:3-4)
Glo in God, glo ook in My -
so kan jy in swaarkry vrede kry. (Joh 14:1,27)

*Dis makliker gesê as gedaan:*
*As jy in mý skoene was sou jy verstaan…*

As jy wysheid kort vir dit,
moet jy dit van God af bid.
As jy nie twyfel daarmee,
sal God dit vir jou gee (Jak 1:5-8, Mat 7:7-8).

*Ek het hom nou vir uitkoms gevra*
*maar wat moet ek nou bydra?*

Ons is vrygespreek deur die geloof
daarom kan ons vasstaan in wat Hy beloof.
Ons verdien dit nie met dade,
maar het vrye toegang uit genade.
Ons kan in swaarkry ons verheug en sing
want ons weet dat dit volharding bring. (Rom 5:1-3).

*Maar ek het alles verloor –*
*Hoe begin ek weer voor?*

Al het jy al jou besittings verloor,
het jy die beter en blywende Een oor.
Al is jy deur ander verkul,

doen volhardend God se wil.
Behou jou vertroue en geloof
dan ontvang jy wat Hy beloof. (Heb 10:34-36).

*Die siekte het my so uitgeteer,*
*ek kan amper net nie meer…*

Al het jou gesondheid verwelk
en verdor jou blomme kelk,
staan volhardend stewig:
God se woord bly vir ewig (Jes 40:6-8).

*Ek dink ek begin verstaan*
*dat ek in Hom vas kan staan…*

Gelukkig is hy wat in versoeking standvastig bly:
Hy sal as oorwinnings prys die lewe kry. (Kol 1:11-12, Heb 10:34-36)

*O God in my swaarkry is ek bly,*
*want ek het U vrede gekry.*
*U het die ewige lewe vir my beloof*
*en daarom kan ek U nou al loof!*

**Versoekings**

Jy kyk  uit die verkeerde hoek
as jy sê: “Ek word deur God versoek.” (Jak 1:13)
Maar 'n mens word verlei
en deur sy eie begeertes gelei.

Dan raak die begeertes bevrug
en sonde is die geboorte vrug.
Wanneer die sonde dan ryp word,
laat dit  jou in die dood in stort. (Jak 1:14-15, Ps 7:15)

Waak want jy het ‘n gewillige gees,
en bly bid want jy het ‘n swak vlees. (Mat 26:42, Jak 5:18-19)

Maar as iemand anders in sonde beland
lei hom met ‘n sagmoedige hand. (Gal 6:1)

Ons is van die sondedood gered
want ons Hoëpriester wat ons het,
het die versoekings weerstaan
in ‘n sondelose aardse bestaan. (Heb 4:15).

God het ons sonde vergewe,
want Hy wil ons laat lewe.
Ons moet in dié waarheid glo:
Elke goeie gawe kom van Bo. (Jak 1:16-18).

Wat jy moet bid van Hom:
“Laat ons nie in versoeking kom,
maar verlos ons van die bose.”
Vermy so die pad van die goddelose… (Mat 6:13).

Onthou, geen versoeking is meer
as wat ‘n mens kan hanteer.
God is hierin getrou:
Hý gee die krag vir jou. (I Kor 10:13).

**Hulp in lyding**

Hoor jy God se woord,
maar jy leef in sonde voort,
bedrieg jy jouself.
As jy jou verdiep in God se wet
en nie vergeet wat jy gehoor het,
bevry jy jouself. (Jak 1:22-25)

As jy swaarkry moet jy gebede bring.
As jy opgeruimd is, moet jy lofliedere sing. (Jak 5:14)
As iemand anders met 'n siekte ly,
bid vir hom en gee salfolie by. (Jak 5:15).

Bely julle sondes teenoor mekaar -
die gelowige gebed werk kragtig daar. (Jak 5:17)
Elia het ernstig gebid vir die land se reën
en God het die aarde met 'n oes geseën. (Jak 5:18)

So, wees in jou beproewing bly.
Jou hulp sal jy in die Bybel kry.
Bly bid as jy in die donker stoei,
so sal jy geestelik na Hom toe groei!

**Glo én doen**

Paulus verduidelik dit so:
Abraham is vrygespreek omdat hy glo. (Rom 4:13)
Dis asof Jakobus anders praat:
‘n Mens word vrygespreek op grond van sy daad. (Jak 2:23-24).

Wat help dit as iemand beweer hy glo,
maar sy dade lyk glad nie so? (Jak 2:14)
Geloof wat nie tot dade gaan
dié geloof het dood gegaan. (Jak 2:19)

Jakobus wil dus nie iets ander leer,
hy beklemtoon dit maar net weer:
Dade wys jou geloof is eg
en dan is geloof die enigste weg.

So wat jy hierin moet verstaan:
Geloof moet in liefde tot dade gaan! (Gal 5:6).
Gaan jy vandag weer net praat?
Of gaan joú geloof wys in daad?

**Die tong**

Here, laat Jakobus drie vers twaalf my leer
dat U my vandag waarsku om my tong te beheer.

Here vir perde sit ons 'n stang in die bek
om hom sturend na links of regs te trek.
Groot skepe word deur winde aangedryf
net so is die tong die roer van mag vir die lyf. (Jak 3:1-5)

'n Groot bos se vernietiging wat deur 'n klein vuurtjie ontstaan het,
so is die die tong die deel van die liggaam wat die hele mens besmet.
Alles kan mens tem of dit sit loop, vlieg, kruip of swem,
maar geen mens kan die dodelike, giftige tong tem.

Vergewe my, want met die tong wil ek U eer soek,
maar met dieselfde tong het ek U skepsels gevloek…
Suiwer U die brak water in my hartsfontein,
laat ware vrugte van my as vyeboom verskyn.

Amen

**Jou doen wys jy is versoen**

Hier volg voorbeelde van doen
wat sal wys jy is met Hom versoen:

Moenie volgens die uiterlike keur:
As ‘n man met deftige klere arriveer
en ‘n arm man kom met ou klere aan,
hoe besluit jy waar jy gaan staan? (Jak 2:1-3)

As ‘n broer of suster honger ly,
maar jy gee nie wat hulle moet kry
en wens dat dit met hul goed gaan,
wat op aarde help dit dan? (Jak 2:15,16)

Die tong is soos die roer in die stuurman se hand,
Ja, ‘n klein vuurtjie wat die bos laat brand!
Die mens kan die tonge nie tem,
lof en vloek kom van dieselfde stem… (Jak 2:3-11)

Die rusies kom van wat jy selfsugtig begeer.
As jy dit nie kry, sal tot moord nie keer…
Selfs jou gebede is op jou begeertes gerig -
so draai jy op God jou rug! (Jak 4:1-4)

Moenie jou broer veroordeel
Ja, jy wat regter-regter speel.
Moenie van mekaar kwaad praat -
dis wat die ware Regter haat. (Jak 4:10-12)

Rykaard wat die werker se loon terughou,
ja, jy wat na hartelus smul en partytjie hou:
Op aarde lewe jy in weelde en oordaad -
Ek sal met mot en roes niks vir jou agterlaat. (Jak 4:1-6)
‘n Gelowige wat arm is moet hom verheug,
as God om aansien vir sy deug (Jak 1:9)

‘n Laaste wenk wat jy nie moet vergeet,
gaan oor die aflê van ‘n eed:
As julle “ja” sê, moet dit “ja” bly
en jou “nee”: bly staan daarby!  (Jak 5:12)

Geduldig bly die boer op sy oes wag,
so moet jy ook doen tot op die dag
wat die Here sy oes kom haal.
Tot dan vertel jou dade Sy verhaal. (Jak 5:7)

So wat jy hierin moet verstaan:
Geloof moet in liefde tot dade gaan! (Gal 5:6).
Kon mens in vandag se doen
sien jý is met God versoen?